# Boekbesprekings/Book Reviews

**Esmé Bull:** ***Aided Immigration from Britain to South Africa 1857 to 1867*** (geredigeer deur J.L. Basson). RGN, Pretoria, 1991. 766 pp. R90,00. ISBN 0796910146.

Soos die titel aandui, handel die werk hoofsaaklik oor ondersteunde immigrasieskemas van Brittanje na Suid-Afrika tussen 1857 en 1867, maar laasgenoemde datums is misleidend omdat die bylães in hierdie boek ook lyste van immigrante vir die tydperk 1823 tot 1857 bevat.

Die werk bevat drie inleidende hoofstukke waar ondersteunde immigrasieskemas in perspektief gestel en besonderhede oor die vervoer na en vestiging van immigrante in Suid-Afrika verskaf word. Verder volg dan die uitgebreide lys van Britse immigrante en agt bylaes wat onder meer ook emigrante van Suid-Afrika na Australië, Nieu-Seeland en die VSA insluit.

Die skryfster het 'n groot hoeveelheid inligting bymekaar gebring en het daarmee 'n belangrike aanvulling tot ons biografiese en genealogiese naslaanbronne gelewer. Basiese inligting oor Engelssprekende persone wat Suid-Afrika na 1820 hul nuwe tuiste gemaak het, was nog altyd moeilik bekombaar en die navorser het slegs oor 'n handjievol naslaanwerke beskik. Vir die tydperk vóór 1820 beskik ons bv. oor Peter Philip se British Residents at the Cape 1795 to 1819. Oor die Britse Setlaars van 1820 het ons natuurlik 'n hele paar goeie werke, maar afgesien van enkele kleiner bydraes was daar vir die tydperk ná 1820 geen noemenswaardige omvattende lys van immigrante nie.

Die hooflys van Britse immigrante is op dubbelbladsye gedruk om vir die kolomme genoeg spasie in te ruim. Vir die items "Permit, Name, Age, Occupation, to (d.w.s. waar die persoon in die Kolonie gevestig het), From, Ship en Date" is daar elkeen 'n kolom. Met 'n oogopslag is dit duidelik dat hierdie inligting vir die navorser dadelik 'n riglyn kan verskaf hoe hy sy verdere soektog kan stuur. Vir die genealogiese navorser sal dit van belang wees om te kan vasstel of 'n bepaalde persoon die stamvader van sy familie is of hoegenaamd enige verwantskap met die familie het. Hierdie soort identifikasie sal nie altyd met die skryfster se boek gedoen kan word nie omdat daar dikwels nie genoeg identifiseerbare inligting beskikbaar is nie. Soos reeds gesê, kan dit egter genoeg verskaf om jou navorsing verder rigting te gee.

Dit sou onbillik wees om van die skryfster te verwag dat haar lyste van immi- en emigrante volledig moet wees. Met hierdie soort van navorsing waar die navorser dikwels met onvolledige bronne te doen het, is dit nie eens naastenby haalbaar nie. Een fout wat wel vermy kon gewees het, is bv. dat die skryfster 'n voor die hand liggende bron soos die M.A.-tesis van mev. M.M. Brown: Die Children's Friend Society in Engeland en die Kaap die Goeie Hoop 1830-1841 (ongepubliseer, Universiteit van Stellenbosch, 1989) nie geraadpleeg het nie. Dit het meegebring dat sy in haar Bylaag 2 'n lys van slegs sowat 211 kinders se name kon gee, terwyl eersgenoemde skryfster 'n lys van ongeveer 331 name opgespoor het. Verder is dit van belang dat lesers sal onthou dat mej. Bull persone wat as individue en op eie koste na die Kaapkolonie gekom het, nie by haar navorsing ingesluit het nie. Slegs ondersteunde skemas is hier ter sprake.

Die skryfster het deeglik van argivale bronne gebruik gemaak en dit word in die verwysings van die eerste drie hoofstukke uiteengesit. Haar verwysingstelsels is dikwels baie kernagtig en ek voorsien dat lesers probleme gaan ondervind om van hierdie stukke vinnig in die betrokke bande op te spoor. 'n Verwysing soos bv. CO 802 1.5.1862 is darem té vaag. Die Bibliografie bevat slegs 'n klompie algemene werke en 'n paar bronnepublikasies, tydskrifte en jaarboeke. Argivale bronne wat immers die belangrikste basis van die navorsing was, word nie hier in 'n samevattende lys aangetref nie. Daarvoor is die leser aangewese op die voetnote van die eerste drie hoofstukke wat uiteraard 'n versnipperde beeld van die omvang daarvan gee.

Esmé Bull se werk was 'n onselfsugtige reuse taak (766 bladsye!) waarvoor historici, genealoë, demograwe en talle ander belangstellendes haar vir vele jare vorentoe baie dankbaar sal wees. Die aanduiding in die lys waar die immigrante gevestig het, sal eweneens vir die streekhistorikus van waarde kan wees. Dit sal onmiddellik 'n prominente plek onder die biografiese naslaanbronne in biblioteke moet inneem. Die werk is netjies in 'n stewige band deur die RGN as hulle Genealogiese publikasie no. 36 uitgegee.

**Jan C. Visagie**
*Universiteit van Stellenbosch*

**Juliet Marais Louw:** ***When Johannesburg and I were young.*** Amagi Books, Johannesburg, 1991. 111 pp. Geïll. ISBN 0958310556.

Dis jammer dat dié nostalgiese terugblik op die vroeë Johannesburg, deur die oë van jong Juliet, nie tydens die Eeufees van Johannesburg in 1986 gepubliseer kon word nie. Dit sou 'n besliste verryking van die Eeufeesliteratuur gewees het. Weliswaar het baie van